

## **Wat is Christelike gemeentes se verantwoordelikheid tydens die coronavirus pandemie?**

Gedurende die afgelope paar weke is Suid Afrikaners ingeperk tot hulle huise as gevolg van die coronavirus pandemie. Beweging buite jou huis is beperk tot noodsaaklike uitstappies soos om kos te koop of mediese behandeling te ontvang. Hierdie inperking het ook 'n groot impak op gemeentes: Eredienste op Sondag in kerkgeboue mag nie meer plaasvind nie, terwyl fisiese byeenkomste tydens die week ook opgeskort is. Die Christelike geloof word gekenmerk daardeur dat 'n groot deel daarvan juis uitgelewe word in gemeenskap saam met medegelowiges. Dink byvoorbeeld aan 1 Korintiërs 12:12-31 waar geleer word dat die kerk van Christus 'n liggaam is wat bestaan uit baie lede met verskillende gawes wat mekaar aanvul. Baie gemeentes het gereageer op die inperking deur elektroniese media te gebruik om steeds byeenkomste te hou met lidmate wat vanuit hulle huise deelneem. Sodoende word darem tot 'n redelike mate die gemeenskap van die gelowiges steeds beoefen.

Die vraag is egter: Is daar meer waaraan gemeentes aandag moet gee in 'n tyd soos hierdie? Ons glo tog dat God soewerein in beheer is van hierdie pandemie – immers uit Hom, deur Hom en tot Hom is alle dinge, ook hierdie pandemie (Romeine 11:36). Maar dan het God tog sekerlik 'n spesifieke en konstruktiewe doel hiermee, nie waar nie? Ja, verseker is God besig om die wêreld wat nie in Hom glo nie, te konfronteer. Maar is God dalk ook besig om die kerk te konfronteer deur hierdie gebeure?

Daar is 'n boek in die Bybel wat spesifiek geskryf is met die doel om ons insae te gee in die dinge wat in die wêreld gebeur tot en met Jesus se wederkoms. Dit is die boek Openbaring. Openbaring 1:1 maak dit duidelik: “Wat hier volg, is deur Jesus Christus geopenbaar. God het die openbaring oor wat **binnekort** moet gebeur, vir Hom gegee om aan sy dienaars bekend te maak. Jesus het toe sy engel gestuur om sy dienaar Johannes dit alles te laat sien”. Die “binnekort” verwys na die periode sedert Johannes hierdie openbaring ontvang het, wat heelwaarskynlik ongeveer 90 nC was, tot en met Jesus se wederkoms. Dit sluit dus ook die tyd waarin ons leef in, en dus ook die coronavirus pandemie.

In hierdie artikel fokus ons slegs op dit wat in Openbaring 2 en 3 beskryf word. Hier lees ons dat Jesus sewe gemeentes besoek het en daarna aan hulle elkeen 'n brief gestuur het waarin Hy beoordeel wat Hy in hierdie gemeentes waargeneem het. Hy rapporteer baie goeie dinge wat Hy in van hierdie gemeentes gesien het, en moedig hulle aan om hierin te volhard. Maar Hy rapporteer ook dat daar in vyf van die sewe gemeentes dinge is wat dringend aandag nodig het. Hierdie tekortkominge sluit in:

- Julle het My nie meer so lief soos aan die begin nie (Op 2:4, Efese gemeente)
- Julle het mense wat valse leer aanhang en hulle skuldig maak aan afgodsdienste en onsedelikheid (Op 2:14-15, Pergamum gemeente en Op 2:20, Tiatira gemeente)
- Julle het die naam dat julle lewe, en tog is julle dood (Op 3:1b, Sardis gemeente)
- Julle is lou, ellendig en beklaenswaardig, arm, blind en kaal (Op 3:16-17, Laodisea gemeente)

In al hierdie gemeentes roep Jesus hulle op dat hulle hulle moet bekeer. Byvoorbeeld, in Op 3:2-3 roep Hy die Sardis gemeente op: Word wakker...! Versterk wat nog wat by julle oorgebly het...! Dink aan hoe julle die evangelie ontvang het...! En Hy waarsku hulle baie ernstig dat as hulle hulle nie bekeer nie, sal Hy hulle lampstaander, dit is hulle gemeente, wegvat (Op 2:5) of hulle uit Sy mond uitspoeg (Op 3:16). Hy sal ook diegene in die gemeentes wat van Hom afvallig geword het, bestraf (Op 2:16) en aan swaar lyding oorgee, soos byvoorbeeld deur 'n pessiëkte (Op 2:22-23).

Die implikasie is baie duidelik: Tot en met Jesus se wederkoms beoordeel Jesus elke gemeente. En elke gemeente behoort haarself te toets of sy aan Jesus se verwagtinge voldoen – veral as die

volgende duidelik word: gemeentes sluit hulle deure, gemeentes krimp in getalle, swaar lyding kom voor selfs binne die gemeentes. Dit is al geruime tyd in ons samelewing so dat verskeie gemeentes hulle deure moes sluit, en dat heelwat gemeentes krimp in getalle. Gemeentes wat groei word dikwels gekenmerk deur oppervlakkige lering wat eerder mensgesentreerd is as Godgesentreerd. En nou het ons boonop die lyding wat saam met die coronavirus gaan.

Gemeentes moet dringend gaan dink of hulle nie dalk aan die slaap geraak en lou geword het nie. Leef hulle nie dalk in die droomwêreld dat hulle dink hulle is ryk, selfs skatryk, nie, maar in werklikheid is hulle arm, blind en kaal? Het hulle dalk verval in afgodery waar godsdienstige aksies bloot uitgevoer word as koue prosedures wat deur die loop van jare niks meer as tradisies geword het nie – terwyl daar geen teken is van die warm liefde vir die Een wat hulle geroep en verlos het nie?

Hierdie tyd van inperking is nie 'n tyd waarin gemeentes maar net rustig kan terugsit en wag dat God se oordeel oor die wêreld daarbuite verby gaan nie. Nee, hierdie is 'n tyd van: Dink, weeg en bekeer! Het ons ook dalk die punt bereik waar ons Hom nie meer so liefhet soos aan die begin nie?